*Sondag* **25 Mei**

**Skrifgedeelte: Kolossense 4:2-6**
**Fokusgedeelte: Kolossense 4:3 (AFR 83)**

## ’n Deur vir die Woord

Die apostel Paulus is in die gevangenis en hy vra dat die gelowiges van Kolosse vir hom sal bid. Hulle moet bid dat daar ’n deur sal oopgaan. Opvallend dat hy nie vra dat die deur van sy sel sal oopgaan nie. Nee, Paulus stel dit duidelik dat hy met ’n doel in die gevangenis is; hy moet die boodskap van Christus daar verkondig.

Vroeër in sy brief sê Paulus dat hierdie boodskap ’n geheimenis is wat lank verberg was, maar nou geopenbaar is. Die inhoud van die geheimenis is: “Christus is in julle. Hy is julle hoop op die heerlikheid” (1:27). So beskryf Paulus die kosbare en troosryke inwoning van die Heilige Gees in elke gelowige: “Christus is in julle.”

Vir hierdie boodskap vra Paulus ’n geopende deur. Sekerlik bedoel hy dat die regte geleentheid moet kom om hierdie wonderlike nuus met mense te deel. Daar is egter ook nog ’n ander deur wat moet oopgaan. Paulus moet die regte woorde vind om dit te verduidelik. Van nature is elke mens se verstand mos deur sonde verduister. God moet die deur na ons verstand oopmaak en ons gees en denke verlig om sy Woord reg te kan bring.

Die derde deur wat moet oopgaan, is die deur na die toehoorders se harte. Van nature is daardie deur dig toe vir die evangelie. God moet die geopende hart gee, waar die goeie nuus van Christus se inwoning kan tuiskom. God doen dit vir elkeen wat Hy uitverkies het (1:26).

As Christus dan so in ons woon, word die lewe ’n fees (Op. 3:20). Dit begin alles by ’n gebed om ’n deur vir die Woord.

*Sing: Skrifberyming 8-1:1, 2*

*Dr. WC (Wim) Vergeer (Krugersdorp)*